higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

REISDIENSTE N6

(Eerste vraestel)

(22030086)

22 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

TOEBOEKEKSAMEN

Kandidate het die GSA van Februarie 2018, 'n sakrekenaar en uittreksels van webwerwe nodig.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 12 bylaes.

093Q1B2022

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REISDIENSTE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is verpligtend.
2. AFDELING B bestaan uit VYF vrae. Beantwoord slegs VIER vrae in hierdie afdeling.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Toon alle berekeninge.
6. Die gebruik van korreksielak of -potlood op enige dokumentasie is verbode.
7. Alle BYLAE wat voltooi is, moet VASGEKRAM word en in die ANTWOORDBOEK geplaas word.
8. Alle bewerkings moet tot die naaste TWEE desimale plekke afgerond word.
9. GEEN afronding is in enige vraag nodig nie behalwe waar daar spesifiek in die vraag daarvoor gevra word.
10. Moenie enige bladsye uit die ANTWOORDBOEK skeur nie.
11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die 9%-lughawebybetaling wat op motorhuur by 'n lughawe gehef word, word gevra vir …

A totale motorhuurkoste.
B slegs kilometers.
C die totale getal dae/maande en kilometerkoste.
D slegs kommissie.

1.2 Reisversekeringspolis wat vir die polishouer dekking bied as hy 'n reis ná vertrek kanselleer.

A Persoonlike aanspreeklikheid
B Inkorting
C Persoonlike ongeluk
D Konsulêre verwysing

1.3 Die kode vir 'n klein gesinsmotor ('compact car') met outomatiese stuur en lugverkoeling.

A CDAR
B CDMR
C EDMR
D IDMR

1.4 Die ZAR200 000 jaarlikse buitelandsevaluta-reistoelae is van toepassing op …

A kinders onder die ouderdom van 16 jaar.
B kinders onder die ouderdom van 12 jaar.
C kinders onder die ouderdom van 18 jaar.
D volwasse Suid-Afrikaanse inwoners (insluitend nie-Suid-Afrikaanse burgers).

1.5 Die definisie van 'n plesiertog …

A bootreis op 'n meer.
B bootreis op 'n rivier.
C skeeps- of bootreis vir genot of as vakansie waartydens daar gewoonlik by 'n paar plekke aangedoen word.
D bootreis waar passasiers na 'n hawe terugvlieg en dan per boot terugvaar.

Kopiereg voorbehou

1.6 Die betekenis van 'n uitgesoekte spoorpas ('rail pass') …

A onbeperkte reis op spoorwegnetwerke van enige 2, 3 of 4 Eurail-lande, wat Frankryk insluit.
B reis slegs op opeenvolgende dae.
C reis slegs met tweede klas.
D onbeperkte reis op spoorwegnetwerke van enige 2, 3 of 4 Eurail-lande, wat Frankryk uitsluit.

1.7 Die definisie van 'n groepsinklusiewe toer is …

A 'n vooraf gereëlde toer wat uit lugvervoer- en landreisreëlings bestaan.
B 'n toer vir 'n groep mense met 'n toergids of groepleier, gewoonlik vooraf gereël en deur 'n toerondernemer georganiseer.
C 'n toer na 'n internasionale bestemming.
D 'n toer gereël vir 'n minimum vyf mense, met een of ander gemene affiliasie.

1.8 Die bybetaling op reisversekering is gewoonlik die …

A bedrag wat deur die versekerde betaal word vir die polisdekking.
B bedrag betaalbaar aan die boedel ('estate') van die polishouer.
C bedrag wat die versekeraar aan die polishouer uitbetaal vir 'n eis.
D bedrag wat die polishouer aan die versekeraar betaal vir 'n eis.

1.9 Personeellid op 'n plesierboot wat moet omsien na die welsyn en algemene navrae van al die passasiers.

A Betaalmeester
B Skeepswaardin
C Hofmeester ('steward')
D Kaptein

1.10 Die kode vir beperkte diefstaldekking in motorversekering.

A CDW
B SCDW
C TLW
D STLW

1.11 Die doel van valutabeheer in Suid-Afrika is …

A om reisigers te voorsien van hul jaarlikse reistoelae.
B om buitelandse valuta in Suid-Afrikaanse rand om te reken.
C om die vloei van valuta na en uit die land te reguleer.
D om die bedrag geld wat passasiers op hul kredietkaarte mag uitgee, te beperk.

Kopiereg voorbehou

1.12 TIC, AIG Assist en CHARTIS is voorbeelde van …

A motorhuurmaatskappye.
B buitelandsevalutahandelaars met beperkte lisensie.
C sneltreine in Europe.
D reisversekeringsmaatskappye.

1.13 Die definisie van 'n slaapbank ('couchette') is 'n …

A bed op 'n trein wat teen die muur gevou word of bedags as 'n sitplek gebruik word. Slegs in 2e klas gevind.
B sitplek slegs vir sit bedoel, geen plek om te gaan lê en slaap nie.
C wyer sitplek met meer beenspasie.
D slaapwa op trein.

1.14 Die gewone tarief vir 'n hotel verwys na …

A 'n tarief wat kommissie uitsluit.
B 'n vol tarief met geen afslag en wat kommissie insluit.
C 'n spesiale tarief vir maatskappye wat kommissie uitsluit.
D die tarief vir gereelde gaste met kommissie ingesluit.

1.15 By kosteberekening van 'n toer verwys OORDRAGTE na …

A motorhuurbespreking deur kliënt vir die duur van verblyf.
B enige bykomende plesierritte van treinkaartjies wat die passasier bespreek het.
C vervoer van lughawe na hotel en terug.
D al die bogenoemde.

1.16 'n Engelse ontbyt bestaan uit …

A eiers, vleis, aartappels, roosterbrood, pannekoek of muffins, sap, tee en koffie.
B croissant of ander fyngebak, tee of koffie, sap, koue vleis en kaas.
C graansoorte, jogurts, sappe, tee, koffie, vrugte, eier, spek, wors, tamaties, fyngebak, brood, kaassoorte, koue vleis.
D eier, spek, roosterbrood, wors, tamaties, sousboontjies, sap, tee en koffie.

1.17 Die volgende is voorbeelde van afslagpryse toepaslik by die bespreking vir 'n plesiertog. Watter een pas nie?

A Wittebroodafslag
B Spaarafslag (3 of meer mense wat te alle tye saam reis)
C Senior afslag
D Afslag vir vooruitbetaling

Kopiereg voorbehou

1.18 Die meeste Eurail-passe laat kinders gratis reis. Die ouderdomme vir kinders op Eurail word bereken as …

A 4–11 jaar.
B 2–12 jaar.
C 18 jaar en jonger.
D 16 jaar en jonger.

1.19 Eurail-passe gee toegang tot reise per trein oor Europa en …

A die koper mag nie 'n burger van 'n land van die Europese Unie wees nie.
B die pas moet buite Europa gekoop word.
C die pas sluit nie reis in Groot-Brittanje in nie.
D al die bogenoemde.

1.20 In reisversekering verwys die term DEKKING van VOORDEEL ('COVER of BENEFIT') na die …

A premie wat 'n reisiger vir reisversekering moet betaal.
B oorskotbedrag in die geval van 'n eis.
C bedrag wat die versekeringsmaatskappy vir die mediese rekeninge sal betaal.
D bedrag geld wat 'n reisiger kan eis vir enigiets wat op die reis gebeur.

(20 × 2) **[40]**

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Hierdie afdeling bestaan uit VYF vrae. Beantwoord slegs VIER vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2: TOERBEPLANNING EN -BEGROTING

Jy is 'n reiskonsultant by Nasara Travel in Johannesburg. Jy het reeds die volgende reisreëlings vir jou kliënt, mev. H. Berry, getref. Verwys na BYLAE A.

Jy moet die finale koste vir die toer (per persoon) bereken.

Vlugkoste:	JNB-CAI-LON-ARN-JNB	ZAR121 000 (insluitend 5%-kommissie)
Lughawebelasting:		ZAR7 800

Agentewins ('mark-up'): 15%
Alle ander uitgawes soos visums, maaltye, uitstappies, ens. is nie by die toerprys ingesluit nie.

OORDRAGTE (netto koers per persoon enkel):

Kaïro	EGP300
Londen	GBP35
Stockholm	SEK230

Verblyf (netto koers per persoon):

Kaïro:	2 nagte	EGP1 200 per nag
Londen:	3 nagte	GBP400 per nag
Stockholm:	2 nagte	SEK900 per nag

BESIGTIGINGSTOERE (netto tarief per persoon)

Kaïro	Bootrit op die Nyl en aandete	EGP6 972
Londen	Toer deur stad	GBP150
Stockholm	Rooi bus se opklim-afklim-dagpas	SEK3 717

Verwys na BYLAE A om die volgende vrae te beantwoord:

2.1 Bereken die koste van landreisreëlings in elke stad in die volgende geldeenhede:

2.1.1 EGP (4)

2.1.2 GBP (4)

2.1.3 SEK (4)

2.2 Bereken die totale koste van die landreisreëlings in ZAR. (10)

2.3 Bereken die totale koste van die TOER. Jy mag enige van die DRIE metodes gebruik. (6)

2.4 Bereken die kommissie wat jou agentskap op hierdie bespreking sal verdien (gebruik enige van die DRIE metodes). (3)

Kopiereg voorbehou

2.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.5.1 Die jaarlikse reistoelae vir persone wat 16 jaar of ouer is, is R1 miljoen.

2.5.2 Reisigers mag hul kredietkaart gebruik om vir reiskoste oorsee te betaal.

2.5.3 'n Reisiger moet ongebruikte buitelandse geldeenhede binne 60 dae ná hul terugkoms in Suid-Afrika weer verkoop.

2.5.4 ABSA Bank is 'n halfgemagtigde handelaar van wie reisigers betaalmiddele kan koop.

(4 × 2) (8)

2.6 Gee die geldeenheidkode vir Sri Lanka rupee. (1)

[40]

VRAAG 3: BUITELANDSE VALUTA

Mnr. Chris Rock gaan later vanjaar na Afrika en Europa reis. Jy het vir hom die volgende reisreëlings getref:

Vliegkaartjie (JNB - ABV - ALG - GIB - JNB)	ZAR245 000
Visums:	
Verblyf	ZAR2 100
Nigerië	NGN67 000
Algerië	DZD1 030
Gibraltar	GBP1 450
Mediterreense plesiervaart	USD560

Verwys na die buitelandsevalutablad in BYLAE A.

3.1 Bereken die totale bedrag wat mnr. Rock jou vir sy reisreëlings moet betaal (toon alle berekeninge). (13)

3.2 Watter bedrag buitelandsevalutatoelae het mnr. Rock nog beskikbaar? (2)

3.3 Mnr. Rock wil sy volle, oorblywende reistoelae soos volg gebruik:

3.3.1 35% in NGN

3.3.2 25% in DZD

3.3.3 30% in GBP

3.3.4 10% in USD

(4 × 4) (16)

Kopiereg voorbehou

3.4 Mnr. Rock keer terug van sy uitstappie en wil die volgende valutabedrae terugbetaal. Bereken die ZAR-bedrae wat hy sal ontvang vir:

3.4.1 NGN13 550 in reisigerstjeks

3.4.2 DZD12 340 in reisigerstjeks

3.4.3 DZD15 00 in kontant

(3 × 3) (9)
[40]

VRAAG 4: MOTORHUUR EN SPOORLYN

MOTORHUUR

Mnr. C. Gooding gaan 'n motor huur in Durban. Hy will graag die motor op 21 Julie om 10:00 by DUR-lughawe ontvang. Hy sal die motor op 01 Aug om 10:00 by DUR-lughawe terugbesorg. Hy verlang 'n outomatiese motor met lugversorging en maksimum versekering. Hy gaan 'n totaal van 1 500 km ry tydens die huurtyd. Hy het 'n GPS van AVIS aangevra aangesien hy nie vertroud is met Durban nie. Mnr. Gooding versoek dat die koste uit sy rekening by die agentskap verreken moet word.

Verwys na die AVIS-BYLAE B om die volgende vrae te beantwoord:

4.1 Watter motorgroep en -kode sal jy by mnr. Gooding aanbeveel? (2)

4.2 Bereken die koste van die motorhuur vir mnr. Gooding. (9)

4.3 Watter kommissie sal jou agentskap vir die huur verdien? (3)

4.4 Voltooi die motorgeskenkbewys op BYLAE G. Die besprekingsnommer is AVI20392. Avis het jou ingelig dat die huurkoste vir 'n GPS R500 is. (12)

INTERNASIONALE SPOORLYN

Jou passasier mnr. Toni Braxton ('n Suid-Afrikaanse paspoorthouer) reis later vanjaar na Europa. Hy gaan ten minste 7 verskillende lande besoek. Hy gaan vir 'n totaal van 20 dae in Europa wees.

Verwys na BYLAE C en bogenoemde inligting om die volgende vrae te beantwoord:

4.5 Watter treinpas sal jy jou kliënt aanbeveel om te koop? (2)

4.6 Gee die koste van hierdie pas in:

4.6.1 EUR (2)

4.6.2 ZAR (3)

4.7 Is mnr. Braxton daarop geregtig om hierdie pas te koop? Motiveer jou antwoord. (2)

4.8 Hoe geldig is hierdie pas? (1)

4.9 Verduidelik aan mnr. Braxton wat 'n SPAARpas is. (2)

4.10 Kinders reis gratis op die meeste Eurail-passe. Gee die ouderdomme vir kinders wat gratis mag reis. (1)

4.11 Wat is die maksimum getal lande wat deur 'n Eurail- uitsoekpas gedek word? (1)

[40]

VRAAG 5: INTERNASIONALE HOTELBESPREKINGS

Jy is 'n reiskonsultant by Dream Destinations in Port Elizabeth. Mev. D. Summers het jou gevra om vir haar verblyf in Adelaide, Australië, te reël. Sy sal op 10 Januarie aanmeld en op 14 Januarie vertrek. Sy vra vir 'n hotel naby die lughawe. Sy gaan die rekening met haar Diners Club-kaart (kaartnr. 3032 2719 9425 4302; verval 10/21) vereffen. Haar bevestigingsnommer is DRE12012.

Verwys na BYLAE D en beantwoord die volgende vrae:

5.1 Watter hotel gaan jy vir mev. Summers aanbeveel? (1)

5.2 Wat sal die volle koste vir die verblyf in die volgende geldeenhede wees?

5.2.1 AUD (2)

5.2.2 ZAR (3)

5.3 Watter maaltye is in die tarief wat jy kwoteer, ingesluit? (1)

5.4 Lig mev. Summers in oor die ligging van die hotel. (3)

5.5 Bereken die kommissie wat jou agentskap op hierdie bespreking gaan verdien. (3)

5.6 Voltooi die hotelgeskenkbewys op BYLAE H. (12)

5.7 Noem DRIE geriewe tot mev. Summers se beskikking in die kamer. (3)

5.8 Gee die stergradering van die hotel wat jy gekies het. (1)

5.9 Noem DRIE hotelgeriewe tot mev. Summers se beskikking. (3)

Kopiereg voorbehou

5.10 Verduidelik die volgende terme aan mev. Summers:

5.10.1 Oordhotel

5.10.2 Lughawehotel

5.10.3 Gastehuis

(3 × 2) (6)

5.11 Watter maaltyd(tye) word in 'n HALFBORDmaaltydplan ingesluit? (2)
[40]

VRAAG 6: REISVERSEKERING EN PLESIERTOGTE

REISVERSEKERING

Jy werk vir Dream Destinations in Oos-Londen (AIG-nommer AIG21344). Jou kliënt, mnr. Denzyl Washington, het versoek dat jy hom bystaan met reisversekering vir sy reis na Noord-Korea. Hy sal vanaf 12 Junie tot 15 Junie in Pyongyang wees. Hy verlang reisversekering met mediese dekking vir R10 000 000 en nood- mediese koste weens terrorisme vir R300 000**.** Hy gaan met die versekering op sy FNB-kredietkaart betaal. Verwys na BYLAE E.

Mnr. Denzyl Washington se besonderhede:

ID:	6312069123086
Adres:	Strandstraat 1 Oos-Londen 3021
Tel (H):	431 654 1937
Tel (W):	431 978 2148
Dokter:	Dr. M. Oz
Tel:	431 354 8258

6.1 Watter versekeringsopsie sal jy vir jou kliënt aanbeveel? (1)

6.2 Gee die getal dae waarvoor mnr. Washington reisversekering wil hê. (1)

6.3 Bereken die totale koste vir sy reisversekering. (1)

6.4 Bereken die kommissie wat jou agentskap gaan verdien. (3)

6.5 Verduidelik vir mnr. Washington wat die gevolge is wanneer hy sy vliegkaartjie op 'n kredietkaart koop. (2)

Kopiereg voorbehou

6.6 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (6.6.1–6.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.6.1	Persoonlike-aanspreeklikheids-versekering	A	permanente ongeskiktheid van versekerde persoon
6.6.2	Persoonlike ongeluksversekering	B	in die meeste gevalle nie gedek
6.6.3	Openbare vervoermiddel	C	permanent ongeskik
6.6.4	Voorafbestaande voorwaardes	D	skade aan 'n derde party
6.6.5	Reiskansellasie	E	lugdiens, bus, trein
		F	kanselleer of knip jou reis kort

(5 × 1) (5)

6.7 Reik die polis op BYLAE I uit. (15)

PLESIERVAART

Mnr. W. Snipes will 'n plesiervaart vir homself, sy vrou en twee kinders van 6 en 9 jaar na Mosambiek bespreek. Hul soek 'n vaart wat in Februarie vertrek en wil graag betyds terug wees vir hul ouma se verjaardag op 5 Februarie. Hulle wil 'n kajuit met 'n patryspoort (venster) hê.

Verwys na BYLAE F en beantwoord die volgende vrae:

6.8 Gee die nommer van die plesiervaart wat jy gekies het. (2)

6.9 Bereken die totale koste van die plesiervaart vir AL die passasiers. (5)

6.10 Bereken die kommissie wat jou agentskap op hierdie bespreking gaan verdien. (3)

6.11 Noem die hawe waar daar op dag TWEE aangedoen gaan word. (1)

6.12 Gee die tyd van terugkeer in Suid-Afrika. (1)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A

Wisselkoersblad

Land	Geldeenheid	Verkoop	Valutakoop	Seekoop ('sea buy')
BRITSE POND	GBP	**16,9971**	16,4778	16,3937
EURO	EUR	**14,6916**	14,2268	14,1419
VERENIGDE STATE-DOLLAR	USD	**13,6538**	13,2762	13,3288
AUSTRALIESE DOLLAR	AUD	**0,0937**	0,1034	0,1028
ALGERYNSE DINAR	DZD	**0,1121**	0,2132	0,2242
KANADESE DOLLAR	CAD	**0,0914**	0,1055	0,1081
SWITSERSE FRANK	CHF	**0,0706**	0,0774	0,0882
CHINESE JOEAN	CNY	**0,4532**		0,5194
TSJEGGIESE KROON	CZK	**1,7540**	2,6816	
DEENSE KROON	DKK	**0,4816**	0,5455	0,5644
HONGKONG-DOLLAR	HKD	**0,5489**	0,6026	0,6512
EGIPTIESE POND	EGP	**1,8796**	2,0921	2,1126
INDIESE ROEPEE	INR	**4,8728**	5,2574	
JAPANNESE JEN	JPY	**8,0750**	8,7577	8,9418
KENIAANSE SJIELING	KES	**6,7564**	8,7076	8,6125
SRI LANKAANSE ROEPEE	LKR	**10,8865**	11,5180	11,4562
MAURITIAANSE ROEPEE	MUR	**2,4746**	2,7807	2,8214
MALAWIESE KWACHA	MWK	**51,2140**	57,1237	56,5984
NAMIBIESE DOLLAR	NAD	**1,0000**	1,0000	1,0000
NIGERIESE NAIRA	NGN	**21,1868**	25,6730	25,4897
NOORSE KROON	NOK	**0,5901**	0,6532	0,6629
NIEU-SEELANDSE DOLLAR	NZD	**0,0965**	0,1114	0,1133
RUSSIESE ROEBEL	RUB	**4,3762**	4,5197	4,4195
SAOEDIESE RIAL	SAR	**0,2565**	0,4785	0,3736
SWEEDSE KROON	SEK	**0,6282**	0,6859	0,7384
SINGAPOER-DOLLAR	SGD	**0,0982**	0,1125	0,1206
SWAZILANDSE LILANGENI	SZL	**1,0000**	1,0000	1,0000
THAISE BAHT	THB	**2,3154**	2,7115	2,9784
ZAMBIESE KWACHA	ZMW	**0,7055**	0,9542	0,8654

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

BYLAE B

STANDAARD		1-6 dae per dag	7-14 dae per dag	14+ dae per dag	Ekstra kilometers
		200 km gratis per dag	200 km gratis per dag	200 km gratis per dag	
A	EDMN	322	316	296	R2,60
T	CDMN	329	342	331	R2,81
B	EDMR	383	375	362	R2,91
C	CDMR	415	396	391	R2,89
D	CCMR	460	459	442	R3,80
I	ICAR	476	465	448	R4,65
E	SDAR	990	981	976	R4,69
Y	FDMR	999	990	969	R5,40

Tariewe sluit in: Beperkte CDW, beperkte TLW, BTW, toerismeheffing, lughawebybetaling.
Tariewe sluit uit: Brandstof, PAI, kontrakgeld van R85, aflaai- en oplaaikoste, eenrigtingkoste, bykomende bestuurder en ander diverse koste.

SUPER		1-6 dae per dag	7-14 dae per dag	14+ dae per dag	Ekstra kilometers
		100 km gratis per dag	100 km gratis per dag	100 km gratis per dag	
A	EDMN	353	343	332	R2,60
T	CDMN	377	367	356	R2,81
B	EDMR	415	305	298	R2,91
C	CDMR	463	453	443	R2,89
D	CCMR	496	486	475	R3,80
I	ICAR	519	509	495	R4,65
E	SDAR	689	678	667	R4,69
Y	FDMR	792	781	774	R5,40

Tariewe sluit in: SCDW, STLW, BTW, toerismeheffing, lughawebybetaling.
Tariewe sluit uit: Brandstof, PAI, kontrakgeld van R85, aflaai- en oplaaikoste, eenrigtingkoste, bykomende bestuurder en ander diverse koste.

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

BYLAE C

WorldTravel Internasionale Spoortariewe

EURAIL ALGEMENE ('GLOBAL') PAS		**Iste KLAS**		
	15 dae	€516		Slegs eersteklasreis. Opeenvolgende dae. Kinders:4-11 gratis.
	22 dae	€664		
	01 maand	€816		
	02 maande	€1149		
	03 maande	€1417		
	05 dae in 1 maand	€404		
	07 dae in 1 maand	€492		
	10 dae in 2 maande	€607		
	15 dae in 2 maande	€795		
EURAIL ALGEMENE PASSPAARDER		**Iste KLAS**		
	15 dae			Geldig vir 2-5 persone wat te alle tye saam reis. Prys is per persoon gekwoteer. Kinders 4-11 gratis.
	22 dae	€440		
	01 maand	€566		
	02 maande	€695		
	03 maande	€978		
	05 dae in 1 maand	€1206		
	07 dae in 1 maand	€345		
	10 dae in 2 maande	€419		
	15 dae in 2 maande	€517		
		€677		
EURAIL ALGEMENE JEUGPAS		**Iste KLAS Jeug**	**2de KLAS**	
	15 dae	€440	€337	Passasiers moet op eerste dag van reis onder die ouderdom van 26 wees. Reisdae mag aaneenlopend of nieaaneenlopend geneem word.
	22 dae	€566	€434	
	01 maand	€695	€532	
	02 maande	€978	€749	
	03 maande	€1206	€923	
	05 dae in 1 maand	€345	€265	
	07 dae in 1 maand	€419	€322	
	10 dae in 2 maande	€517	€397	
	15 dae in 2 maande	€677	€519	
EURAIL UITSOEKPAS	**LAAG**	**MEDIUM**	**HOOG**	
	1ste klas	**1ste klas**	**1ste klas**	
	4 LANDE	**4 LANDE**	**4 LANDE**	
5 dae in 2 maande	€223	€322	€368	Sluit nou Frankryk in. Onbeperkte reis op nasionale spoornetwerke van enige 4 Eurail-lande wat per skip of trein verbind word. Prys is per persoon gekwoteer. Reisdae mag aaneenlopend of nieaaneenlopend geneem word. Kinders 4-11 gratis.
6 dae in 2 maande	€245	€355	€402	
8 dae in 2 maande	€286	€414	€468	
10 dae in 2 maande	€322	€467	€535	
	3 LANDE	**3 LANDE**	**3 LANDE**	
5 dae in 2 maande	€208	€294	€339	
6 dae in 2 maande	€231	€326	€374	
8 dae in 2 maande	€269	€379	€438	
10 dae in 2 maande	€302	€429	€492	
	2 LANDE	**2 LANDE**	**2 LANDE**	
4 dae in 2 maande	€174	€238	€279	
5 dae in 2 maande	€195	€268	€315	
6 dae in 2 maande	€217	€295	€348	
8 dae in 2 maande	€251	€345	€405	
10 dae in 2 maande	€282	€389	€456	

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

EURAIL UITSOEK-SPAARDERPAS	LAAG	MEDIUM	HOOG	
	1ste klas 4 LANDE	**1ste klas 4 LANDE**	**1ste klas 4 LANDE**	
5 dae in 2 maande	€190	€275	€368	
6 dae in 2 maande	€209	€303	€402	
8 dae in 2 maande	€244	€353	€468	
10 dae in 2 maande	€275	€399	€535	Geldig vir 2-5 persone wat te alle tye saam reis. Prys per persoon gekwoteer. Kinders 4-11 gratis.
	3 LANDE	**3 LANDE**	**3 LANDE**	
5 dae in 2 maande	€179	€251	€339	
6 dae in 2 maande	€197	€278	€374	
8 dae in 2 maande	€230	€323	€438	
10 dae in 2 maande	€258	€365	€492	
	2 LANDE 1ste klas **2de klas**	**2 LANDE 1ste klas** **2de klas**	**2 LANDE 1ste klas** **2de klas**	
4 dae in 2 maande	€149 €120	€203 €164	€238 €192	
5 dae in 2 maande	€166 €135	€229 €184	€269 €217	
6 dae in 2 maande	€185 €149	€252 €203	€296 €238	
8 dae in 2 maande	€215 €173	€294 €236	€346 €277	
10 dae in 2 maande	€241 €194	€331 €267	€389 €312	

EURAIL UITSOEK- JEUGPAS	LAAG		MEDIUM		HOOG	
	4 LANDE 2de klas	**4 LANDE 1ste klas**	**4 LANDE 2de klas**	**4 LANDE 1ste klas**	**4 LANDE 2de klas**	**4 LANDE 1ste klas**
5 dae in 2 maande	€147	€180	€211	€259	€241	€295
6 dae in 2 maande	€161	€197	€233	€285	€264	€323
8 dae in 2 maande	€188	€230	€272	€332	€307	€376
10 dae in 2 maande	€211	€259	€306	€375	€350	€430
	3 LANDE 2de klas	**3 LANDE 1ste klas**	**3 LANDE 2de klas**	**3 LANDE 1ste klas**	**3 LANDE 2de klas**	**3 LANDE 1ste klas**
5 dae in 2 maande	€138	€168	€194	€237	€223	€273
6 dae in 2 maande	€152	€186	€215	€263	€245	€301
8 dae in 2 maande	€177	€217	€248	€305	€287	€352
10 dae in 2 maande	€198	€242	€281	€345	€322	€395
	2 LANDE 2de klas	**2 LANDE 1ste klas**	**2 LANDE 2de klas**	**2 LANDE 1ste klas**	**2 LANDE 2de klas**	**2 LANDE 1ste klas**
4 dae in 2 maande	€115	€140	€157	€192	€184	€225
5 dae in 2 maande	€129	€157	€177	€216	€207	€253
6 dae in 2 maande	€143	€175	€194	€238	€228	€279
8 dae in 2 maande	€165	€202	€226	€277	€266	€325
10 dae in 2 maande	€186	€227	€254	€312	€298	€366

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

WORLD TRAVEL
BESPREEK JOU TREINKAARTJIE AANLYN!
http://www.worldtravel.co.za
Of kontak info@worldtravel.co.za

World Travel Telefoon (011) 628-2319

BYLAE D

IBIS HOTEL ADELAIDE



Australië
4-ster

Adres: Grenfellstr 122, Adelaide SA 5000, Australië
Telefoon: +61 8 8159 5588
Webwerf: http://www.ibisadelaide.co.au

Enkelkamer: AUD520 per kamer per nag (met bad)
Dubbelkamer: AUD800 per kamer per nag (met bad)

Hotelbesonderhede
Met uitsig oor die Adelaide-heuwels stap jy binne 4 minute van hierdie elegante, toringbouhotel tot by die Rundle-inkopiesentrum, binne 8 minute tot by die Kunsgalery van Suid-Australië en ry jy 7 km om die Adelaide-lughawe te bereik.

Moderne, minimalistiese kamers bied jou Wi-Fi (GRATIS), platskerm-TV's en geriewe om tee en koffie te maak. Opgegradeerde vertrekke bied uitsig oor die stad. Kamerbediening is beskikbaar.

'n Buffetontbyt is teen 'n bybetaling beskikbaar (AUD20 per persoon). Daar is ook 'n informele restaurant/kroeg met 'n balkon, asook 'n gimnasium.

Agentekommissie: 10%

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

PULLMAN HOTEL ADELAIDE

5-sterhotel

Adres: Hindmarsh-plein 16, Adelaide SA 5000, Australië
Telefoon: +61 8 8206 8888
Webwerf: https://www.pullmanadelaide.co.au

Enkelkamer: AUD900 per kamer per nag (met bad)
Dubbelkamer: AUD1 310 per kamer per nag (met bad)



Hotelbesonderhede

Hierdie ekskusiewe hotel, geleë op Hindmarsh-plein, omring van informele eetplekke, lê 6 km van die Adelaide-lughawe en 13 km van Glenelgstrand langs die Sint Vincentgolf. Met 'n uitsig oor die plein is die sonnige, netjiese kamers toegerus met platskerm-TV's, MP3-koppels en Wi-Fi (gratis), asook mini-yskaste, sit-areas, en geriewe om tee en koffie te maak. Opgegradeerde kamers het balkonne by. Suites bied aparte leefareas. Kamerbediening is 24/7 beskikbaar.

Hotelgeriewe sluit in 'n ontspanne restaurant met terraseetplek met 'n kafee/kroeg en 'n gimnasium. Daar is ook 'n binnenshuise swembad, 'n warm bad en 'n sauna, wasgoeddiens, sakesentrum, fiksheidsentrum. Parkering en 'n lughawependelbus kan gereël word.

Agentekommissie: 10%

Kopiereg voorbehou

BYLAE E

Betaalbare voordeel en oorskotte			
Individuele dekking			
Afdeling A – Nood- reisbystand	**Platinum dekking**	**Goue dekking**	**Silwer dekking**
a. 24-uur- nood- mediese bystand	**R10 000 000**	**R6 000 000**	**R3 000 000**
b. Versending van dringende boodskappe	**R1 000**	**R800**	**R500**
c. Nood- reis- en verblyfvereistes	**R90 000**	**R70 000**	**R50 000**
d. Regsbystand	**R50 000**	**R30 000**	**R25 000**
e. Borg	**R25 000**	**R20 000**	**R15 000**
f. Verlies van reisdokumente	**R10 000**	**R8 000**	**R5 000**
g. Kontantvoorskotte	**R15 000**	**R10 000**	**R8 000**
h. Ambassadeverwysing	**R6 000**	**R4 000**	**R2 000**
Afdeling B – Nood- mediese en verwante voordele			
B1. Nood- mediese en verwante onkoste buite Suid-Afrika	**R10 000 000**	**R6 000 000**	**R3 000 000**
B2. Mediese ontruimings-, repatriasie- of vervoeronkoste na mediese sentrum	**Reële onkoste**	**Reële onkoste**	**Reële onkoste**
B2.1 Bybetaling vir buitepasiënt- mediese behandeling	**R500**	**R500**	**R500**
B3. Mediese bystandsvoordeel	**R20 000**	**R10 000**	**R5 000**
a. Mediese verwysing	**R1 000**	**R1 000**	**R1 000**
b. Mediese monitering	**R15 000**	**R10 000**	**R5 000**
c. Noodmedikasie	**R5 000**	**R3 000**	**R1 000**
B4 Vooraf bestaande mediesetoestanddekking	**R100 000**	**R90 000**	**R50 000**
B4.1 Bybetaling (vir 48 uur of langer as 'n inpasiënt gehospitaliseer)	**R1 000**	**R1 000**	**R1 000**
B5. Daaglikse hospitaalvoordeel en vakansieontwrigting	**R3 000**	**R2 000**	**R1 000**
B5.1 Daaglikse hospitaalvoordeel	**R800 per dag**	**R500 per dag**	**R200 per dag**
B5.2 Vakansieontwrigtingsvoordeel	**Reële onkoste**	**Reële onkoste**	**Reële onkoste**
B6. Verwante voordele	**R20 000**	**R10 000**	**R5 000**
B6.1 Besoek van 'n familielid	**R40 000**	**R30 000**	**R20 000**
B6.2 Terugkeer van kinders	**R50 000**	**R35 000**	**R20 000**
B6.3 Retoer- medereisiger	**R40 000**	**R30 000**	**R20 000**
B6.4 Begrafnis, verassing of terugstuur van stoflike oorskot	**R80 000**	**R60 000**	**R40 000**
Nood- mediese onkoste weens terrorisme	**R300 000**	**R200 000**	**R100 000**
Afdeling C – Dieresorg			
Inpasiënt- dieresorg vir jou kat of hond	**R500 per dag**	**R200 per dag**	**R100 per dag**

	Platinum dekking	**Goue dekking**	**Silwer dekking**
1-9 dae	R410	R405	R240
10-19 dae	R605	R590	R360
20-30 dae	R900	R880	R480
31-50 dae	R1 210	R1 180	R960
51+ dae	R1 450	R1 400	R1 220

Tarief sluit in: BTW en 20%-kommissie

Kopiereg voorbehou

BYLAE F: PLESIERVAART



Toerskip: MSC CORSICA
Vaartnr: COR1023
Reisplan: Mosambiek
Inskepingshawe: Durban, Mosambiek
Tydsduur: 5 dae, 4 nagte

DAG	DATUM	HAWE	AANKOMS	VERTREK	AKTIWITEIT*
1	Maandag 04 Feb 2019	**Durban, Suid-Afrika**	-	15:00	Vasgemeer
2	Dinsdag 05 Feb 2019	Ter see	-	-	-
3	Woensdag 06 Feb 2019	**Pomene, Mosambiek**	08:00	18:00	Tender
4	Donderdag 07 Feb 2019	Ter see	-	-	-
5	Vrydag 08 Feb 2019	**Durban, Suid-Afrika**	05:30	-	Vasgemeer

*Inligting onderhewig aan verandering as gevolg van doeltreffende beskikbaarheid van laaste aanlêplek of ankerplek.

Binne	**Buite**	**Balkon**	**Balkonsuites**
Kat. 1 R3 300 *Hawetarief: R400*	Kat. 2 R4 120 *Hawetarief: R400*	Kat. 4 R4 900 *Hawetarief: R400*	Nie beskikbaar
Kat. 2 R3 900 *Hawetarief: R400*	Kat. 3 R4 500 *Hawetarief: R400*	Kat. 5 R5 300 *Hawetarief: R400*	Kat. 6 R5 750 *Hawetarief: R400*



Toerskip: MSC CORSICA
Vaartnr: COR9201
Reisplan: Mosambiek
Inskepingshawe: Durban, Mosambiek
Tydsduur: 4 dae, 3 nagte

DAG	DATUM	HAWE	AANKOMS	VERTREK	AKTIWITEIT*
1	Vrydag 01 Feb 2019	**Durban, Suid-Afrika**	-	15:00	Vasgemeer
2	Saterdag 02 Feb 2019	**Portugese Eiland, Mosambiek**	08:00	-	Tender
3	Sondag 03 Feb 2019	**Portugese Eiland, Mosambiek**	-	07:00	Tender
4	Maandag 04 Feb 2019	**Durban, Suid-Afrika**	07:00	-	Vasgemeer

Binne	**Buite**	**Balkon**	**Balkonsuites**
Kat. 1 R3 620 *Hawetarief: R400*	Kat. 2 R3 820 *Hawetarief: R400*	Kat. 4 R4 144 *Hawetarief: R400*	Nie beskikbaar
Kat. 2 R3 700 *Hawetarief: R400*	Kat. 3 R4 000 *Hawetarief: R400*	Kat. 5 R4 100 *Hawetarief: R400*	Kat. 6 R4 300 *Hawetarief: R400*

Kopiereg voorbehou

BYLAE G

AVIS REISBEWYS vir Avis Rent A Car	1 Avis HQ Kopie	1355678 4	Agentskap se geldigheidstempel	
Kliënt se naam	Besprekingsnr.	Agentskapslêernr.		
Huurplek / Lughawe / Middestad	Huurdatum			
Plek van terugbesorging	Terugbesorgingsdatum			
Tariefnaam / Tariefkode	Getal dae	Motorgroep	ILVV('IATA')-toegekende nr. Uitreikingsdatum 77233564	
Opmerkings			Avis-rekeningnr. AV884097300011	
Waarde van geskenkbewys (bedrag in woorde)	Bedrag		Reisagentskap: naam & adres (in duidelike drukskrif) SLEGS OPLEIDINGSDOELEINDES SUID-AFRIKA	
Avis gebruik slegs wisselkoers wat toegepas is Avis gebruik slegs huurooreenkomsnommer	Hierdie geskenkbewys is onderhewig aan die bepalings en voorwaardes op die binneblad.	Waarde van geskenkbewys sluit in CDW _____ TLW (TP) _____ PAI _____ Belasting _____ Ander _____		

AVIS REISVERWYSING	1 Agentskap Kopie	1357866 4	Agentskap se geldigheidstempel	
Kliënt se naam	Besprekingsnr.	Agentskapslêernr		
Huurplek / Lughawe / Middestad	**Huurdatum**			
Plek van terugbesorging			ILVV-toegekende nr. 77233564	Uitreikingsdatum
Tariefnaam / Tarief-kode	Getal dae	Motorgroep		
Opmerkings			Avis-rekeningnr.	
			Reisagentskap se naam en adres (duidelike drukskrif) SLEGS OPLEIDINGSDOELEINDES SUID-AFRIKA	

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

BYLAE H

HOTELGESKENKBEWYS				
NAAM VAN PASSASIER				
HOTEL			ADRES	
VEREISTES			TEL:	
AANKOMSDATUM	VERTREKDAUM		TARIEF	
REKENING	VOLLE REKENING		BESPREEK DEUR DATUM	BEVESTIG DEUR DATUM
	BYBETALINGS WAT DIREK BETAAL WORD		OPMERKINGS	

HOTELGESKENKBEWYS				
NAAM VAN PASSASIER				
HOTEL			ADRES	
VEREISTES			TEL:	
AANKOMSDATUM	VERTREKDATUM		TARIEF	
REKENING	VOLLEDIGE REKENING		BESPREEK TEEN DATUM	BEVESTIG TEEN DATUM
	BYBETALINGS WAT DIREK BETAAL WORD		OPMERKINGS	

Kopiereg voorbehou

BYLAE I

REISVERSEKERINGAANSOEK

NAAM VAN AGENTSKAP:		**TAK:**			**KONSULTANT:**		**AGENTSKAPSKODE:**	
VERSEKERDE PERSOON(E) SE VAN	VOOR-LETTERS	GESLAG	GEBOORTE-DATUM	BEGUNSTIGDE	ID/PASPOORTNOMMER	SOORT DEKKING	PRODUK	TOTALE PREMIE
1								
2								
3								
4								
								R

Beplan jy om vir langer as 190 dae in enige een land te bly? Ja/Nee

Is die openbarevervoerkaartjies met 'n geldige Suid-Afrikaanse kredietkaart betaal? Ja/Nee

Persoon in beheer van minderjarige/gestremde kinders: _____

Persoon by wie die versekerde tydens die toer gaan kuier: _____

Tydperk van versekeringsdekking Van: _____ Tot: _____

Posadres: _____

Totale getal dae _____ (beide dae ingesluit)

Poskode: _____

Verste bestemming: _____

Tel (H) _____

Tel (W) _____

Naam van huisdokter: _____

Verklaring:

1. Ek aanvaar die gekose dekkingsvlakke en sal nie enige bykomende betaling van die versekeraars verwag vir eise wat die versekerde bedrae oorskry nie.
2. Ek verklaar dat alle versekerde persone in goeie gesondheid en in staat is om te reis.
3. Ek\Ons aanvaar hiermee die voorwaardes van hierdie polisdokument wat ek ontvang en bestudeer het.
4. Hiermee gee ek AIG die reg om in geval van enige noodgeval my dokter te skakel.

Tel. van huisdokter: _____

Handtekening: _____ Uitreikingsagent: _____

Datum: _____ Datum: _____

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

BYLAE J

REISVERSEKERINGAANSOEK

NAAM VAN AGENTSKAP:		**TAK:**			**KONSULTANT:**	**AGENTSKAPSKODE:**		
VERSEKERDE(S) SE VAN	VOOR-LETTERS	GESLAG	GEBOORTE-DATUM	BEGUNSTIGDE	ID/PASPOORT-NOMMER	SOORT DEKKING	PRODUK	TOTALE PREMIE
1								
2								
3								
4								
								R

Beplan jy om vir langer as 190 dae in enige een land te bly? Ja/Nee

Is die openbare vervoerkaartjies met 'n geldige Suid-Afrikaanse kredietkaart betaal? Yes/No

Persoon in beheer van minderjarige/gestremde kinders: _____

Persoon by wie die versekerde tydens die toer gaan kuier: _____

Tydperk van versekeringsdekking Van: _____ Tot: _____

Posadres: _____

Totale getal dae _____ (beide dae ingesluit)

Poskode: _____

Verste bestemming: _____

Tel (H) _____

Tel (W) _____

Naam van huisdokter: _____

Verklaring:

1. Ek aanvaar die gekose dekkingsvlakke en sal nie enige bykomende betaling van die versekeraars verwag vir eise wat die versekerde bedrae oorskry nie
2. Ek verklaar dat alle versekerde persone in goeie gesondheid en in staat is om te reis.
3. Ek\Ons aanvaar hierme die voorwaardes van hierdie polisdokument wat ek ontvang en bestudeer het.
4. Hiermee gee ek AIG die reg om in geval van enige noodgeval my dokter te skakel.

Tel van huisdokter: _____

Handtekening: _____ Uitreikingsagent: _____

Datum: _____ Datum: _____

Kopiereg voorbehou